

HOOFSTUK

3

Opsomming

Hoe om verhoudings te ontleed en interpreteer

- Bereken verhoudings deur inligting uit die Finansiële State te gebruik, tref vergelykings met vorige jaar se finansiële aanwysers of algemeen aanvaarbare standaarde.
- Lewer dan kommentaar gebaseer op die resultate verkry.
- Hoekom ontleed en interpreteer ons?
 - Om belangrik besluite te neem.
 - Om die finansiële stabiliteit, winsgewendheid, effektiwiteit van beleide, patrone van vooruitgang/stagnasie vas te stel.
 - Resultate sal vasstel of die onderneming die vermoë het om uit te brei of nuwe addisionele beleggings te maak.
 - Om vas te stel of die onderneming sy langtermyn- en korttermynskuld kan betaal.
 - Om vas te stel of die uitgawes van die maatskappy binne die begrote bedrag vir die jaar is.
- Wie is geïnteresseerd in die ontleding en vertolking (gebruikers)?
 - Eienaar, finansiële instellings, krediteure, werknemers/unies, SAID, media en mededingers.

Verhoudingsontleding

Winsgewendheid (hoe doeltreffend die maatskappy bedryf word en hoe uitgawes beheer word)	
$\text{Bruto wins \% op verkope} = \frac{\text{Bruto wins}}{\text{Omset of Verkope}} \times 100$ Persentasie waarmee verkope meer as koste van verkope is.	Verskille toegeskryf aan: • druk op verkoopsprys toegereken aan mededinging • inflasie • vermindering van verkoopsprys om handelsvoorraad te verkoop.
$\text{Koste van verkope} = \frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times 100$ Hierdie persentasie moet gelyk wees aan die marge op kosprys.	Verskil kan toegeskryf word aan: • Inkrimping • diefstal • afslag toegestaan • Handelsvoorraad nie korrek geprys.
$\text{Netto wins \% op verkope} = \frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times 100$	Lae persentasie kan toegeskryf word aan: • bedryfsoneffektiwiteit • te hoë bedryfsuitgawes • te veel rente betaal op lenings.
Dui aan hoe verkope bedryfswins opmaak.	
$\% \text{ Bedryfsuitgawes op verkope} = \frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times 100$	Hoë persentasie kan toegeskryf word aan baie verkope om die bedryfsuitgawes te dek.
Solvensie (kan al die skulde van die maatskappy betaal word)	
Solvensieverhouding = Totale bates : Totale laste	Die maatskappy word gesien as solvent indien die bates die laste oorskry.

Hefboom (die omvang van hoe die maatskappy gefinansier is deur geleende fondse en of dit die graad van finansiële risiko affekteer)	
Skuld-ekwiteitsverhouding Nie-bedryfslaste (Langtermynlenings) : Aandeelhoudersbelang _____ : 1	- Hierdie verhouding verskaf insig in verband met die kapitaalstruktuur van die maatskappy. 'n Verhouding bv. van 0,4 : 1 dui aan dat vir elke R1 kapitaal belê deur die aandeelhouders, 40 sent bekom is deur langtermynlenings. - Dit dui ook die maatskappy se vermoë aan om addisionele kapitaal te bekom deur langtermynlenings. 'n Laer verhouding dui aan dat die maatskappy 'n hoër kredietwaardigheid het en daarom maklik addisionele finansiering kan verkry indien nodig. - Dit is ook gunstig om gebruik te maak van geleende kapitaal wanneer die rentekoerse laer is as die opbrengs wat verdien kan word deur die maatskappy deur die fondse te gebruik.
Opbrengsverhoudings (kry die eienaars 'n goeie opbrengs op hul belegging?)	
Opbrengs op aandeelhoudersbelang $= \frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhoudersbelang}} \times \frac{100}{1} = \text{_____ \%}$	- Opbrengs wat die aandeelhouders (eienaars) ontvang op die geld belê in die maatskappy. - Moet die eienaars eerder iewers anders belê? - Vergelyk opbrengste verkry met opbrengs by finansiële instellings.
Verdienste per aandeel $= \frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1} = \text{_____ sent per aandeel}$	- Dui die bedrag aan wat die maatskappy verdien vir elke aandeel wat dit uitgereik het. - Vergelyk met vorige finansiële jaar.
Dividende per aandeel	- Dui die bedrag aan wat die maatskappy aan sy aandeelhouders betaal in die vorm van dividende. - Vergelyk met vorige finansiële jaar.
Netto batewaarde per aandeel $= \frac{\text{Gewone aandeelhoudersbelang}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1} = \text{_____ sent per aandeel}$	- Dui die bedrag aan wat die maatskappy sou ontvang het indien dit alle bates teen hul boekwaarde sou verkoop en alle laste sou betaal op 'n spesifieke datum. - Hierdie kan vergelyk word met die pariwaarde van die aandele en ook die markwaarde van die aandeel. - Die verskil toon beleggersvertroue (of 'n gebrek daaraan) in die maatskappy.
Likiditeit (Kan hul al die korttermynskuld betaal? Toets ook hoe goed die maatskappy sy bedryfskapitaal gebruik (bedryfsbates - bedryfslaste))	
Bedryfsverhouding = Bedryfsbates: Bedryfslaste _____ : 1	Indien te hoog sal dit beteken dat fondse vas is wat meer effektief op 'n ander plek gebruik kan word.
Vuurproefverhouding = Bedryfsbates - Handelsvoorraad/voorraad : Huidige las _____ : 1	- Algemeen aanvaarbare verhouding 1 : 1. - Indien te laag sal die maatskappy nie sy korttermyn verpligtinge (onmiddellik) kan nakom nie.

Gemiddelde debiteure-invorderingsperiode $= \frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365 \text{ dae}}{1} = \text{___ dae}$		- Dui aan hoe lank debiteure neem om hul rekeninge te vereffen. 30 dae is algemeen aanvaarbaar.
Gemiddelde krediteurebetalingsperiode		- Dui aan hoe lank die onderneming neem om sy krediteure te betaal. 90 dae is algemeen aanvaarbaar.
* Indien kredietaankope nie gegee word nie, stel dan die HANDELSVOORRAAD rekening op om die bedrag te bereken.		
Dt. Handelsvoorraad Kt.		
Saldo (van Balansstaat van die vorige jaar)	a/b	xxx
Bank/Krediteurekontrole (Aankope)		xxx*
Saldo	a/b	xxx
		Saldo (van Balansstaat van die huidige jaar)
		o/b
		xxx
		xxxx
Handelsvoorraadomsetsnelheid = $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$ = ___ keer per jaar		- Dui aan hoe vinnig voorraad verkoop per jaar. 'n Hoër koers sal aandui dat voorraad vinniger verkoop en meer verkope genereer. - Hierdie hang af van die tipe goedere verkoop. Bederfbare goedere moet 'n vinniger omsetkoers hê.
Voorraadhouingsperiode Aantal maande(dae) voorraad voorhande $= \frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{12 \text{ maande (365 dae)}}{1}$ = ___ maande (dae)		- Dui die gemiddelde hoeveelheid voorraad voorhande aan. - Handelsvoorraad is 'n groot bedryfsbete. Veranderinge in hierdie verhouding sal dus 'n impak hê op die bedryfsverhouding. - Die kommentaar sal ook afhang van die tipe goedere verkoop.

Doel van gepubliseerde Finansiële State

- Bestuur van die maatskappy en werknemers gebruik dit vir hul eie inligting. Bestuurders gebruik dit om vooruit te beplan en om doelwitte te stel.
- Ander maatskappye se gepubliseerde state kan gebruik word as vergelyking met die maatskappy se state om vas te stel hoe die maatskappy vaar in 'n soortgelyke industrie.

Hoe om Finansiële State te ontleed

- Identifiseer enige positiewe en negatiewe neigings in die Finansiële State. Vind oplossings vir die negatiewe neigings en gebruik die positiewe neigings om die maatskappy te verbeter.
- Monitor die kontantvloei vereistes deur te identifiseer of die maatskappy enige addisionele finansiering benodig en hoe die maatskappy gefinansier sal word: aandele of nie-bedryfslaste.
- Bereken die finansiële aanwysers: winsgewendheid-, solvensie-, hefboom-, opbrengs- en likiditeitsverhoudings, en vergelyk dit om die finansiële welstand van die maatskappy te bepaal.
- Identifiseer die toename of afname in die Aandeelhoudersbelang.
- Evalueer die resultate verkry teen die finansiële beplanning en doelwitte wat oorspronklik uiteengesit is.